



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

FEBRUARIE/MAART 2012

PUNTE: 80

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

AFDELING A:	LEESBEGRIP (VRAAG 1)	(30)
AFDELING B:	OPSOMMING (VRAAG 2)	(10)
AFDELING C:	TAAL (VRAAG 3, 4 en 5)	(40)

2. Lees ALLE instruksies baie goed.

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Trek 'n streep na elke afdeling.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Laat 'n reël oop na ELKE antwoord.

8. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

9. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: LEESBEGRIP**VRAAG 1****TEKS A: TYDSKRIFARTIKEL**

Lees die onderstaande tydskrifartikel en beantwoord die vrae.



TOT SIENS MAKHAYA

Hy was 'n rolmodel vir baie mense, maar nou het Makhaya Ntini uit internasionale krieket getree.

- 1 Makhaya Ntini is op 6 Julie 1977 in die Oos-Kaap gebore. Hy het grootgeword op 'n klein dorpie, Mdingi, naby King William's Town.
- 2 Raymond Booï, 'n krieketafrigter van die Grens, het Makhaya Ntini se kriekettalent eerste raakgesien toe Makhaya saam met 'n paar seuns op 'n oop stuk veld krieket gespeel het. Hy het gesien hoe entoesiasies Makhaya oor die sport was en met hoeveel talent hy die bal geboul het. Raymond het gewet hy het goud raak geboor toe hy sien hoe dié 15-jarige seun die krieketbal met die spoed van lig na die paaltjies gooi.
- 3 Alhoewel Makhaya te groot en te oud was om aan die mini-krieketprogram deel te neem, het Raymond hom tog 'n kans gegee. Makhaya het ook die ander afrigters beïndruk met sy goeie boulwerk en hulle het hom in die krieketprogram opgeneem.
- 4 Makhaya Ntini was 'n rolmodel vir baie Suid-Afrikaanse jongmense. Hy was 'n man met selfdisipline en baie hardwerkend. Hy was dalk een van die fiksste krieketspelers in die land. Met sy stoute glimlag het hy diep in die harte van Suid-Afrikaners van alle rasse gekruip.
- 5 In November 1995 het Makhaya in sy eerste internasionale wedstryd as onder 19-speler teen Engeland gespeel. Almal het gepraat van die jong Makhaya toe hy spelers alreeds in dié wedstryd uitgeboul het. Drie jaar later is Makhaya as die eerste swart krieketspeler vir Suid-Afrika se Proteas gekies. Hy het die krieketbase baie beïndruk met sy goeie boulwerk toe die Proteas teen Nieu-Seeland in Perth gespeel het. Hy het amper die hele span van Nieu-Seeland uitgeboul.

- 6 Makhaya was die eerste Suid-Afrikaanse speler wat later groot sukses met die bal op die bekende Lords-krieketveld in 'n toetswedstryd teen Engeland behaal het. Hy het byna in elke wedstryd daarna die meeste spelers uitgeboul. Hy kan spog dat hy die Proteas se beste bouler in toetswedstryde was.
- 7 Twaalf jaar ná sy eerste nasionale wedstryd, het Makhaya by die Moses Mabida-stadion in Durban vir die laaste keer in die Proteas se kleure op die veld gestap. Hy het voor 'n skare mense van 50 000 teen Indië gespeel. Agterna het Krieket Suid-Afrika hom met 'n spesiale medalje vereer.
- 8 Die *Mdingi Express*, soos Makhaya oral bekend is, speel nou nie meer internasionale krieket nie, maar sy invloed op die spel sal bly voortleef. Hy sal nog vir die Oos-Kaap Warriors speel. Hy wil hom besig hou met sy krieketakademie vir jong krieketspelers in Mdantsane, 'n woonbuurt naby Oos-Londen. Makhaya wil met sy krieketakademie iets aan die gemeenskap teruggee. Hy wil ook graag dinge vir die gemeenskap probeer verander. Hy hoop om met die bal en kolf in te spring om die arm mense van die platteland 'n beter toekoms te gee.
- 9 Al het Makhaya so goed op die krieketveld gedoen, is hy nie 'n grootprater nie. Hy is egter trots daarop dat hy gegroei het van 'n beeswagter tot 'n internasionale krieketspeler. Hy gee erkenning aan almal wat hom op sy suksespad gehelp het. Hy bedank ook sy ondersteuners van die afgelope twaalf jaar. Nou wil hy graag sý deel vir die gemeenskap doen.

[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 20 Januarie 2011]

- 1.1 Wie het Makhaya se krieketalent eerste raakgesien? (1)
- 1.2 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer en die letter (A–D) neer.
- Die uitdrukking “hy het goud raak geboor” (paragraaf 2) beteken dat hy ...
- A baie seuns krieket sien speel het.
 B seuns met baie krieketballe gesien het.
 C 'n seun met baie krieketalent gesien het.
 D seuns op 'n groot, oop krieketveld gesien het. (1)
- 1.3 Makhaya kon van 'n jong ouderdom af reeds **baie vinnig** boul.
- 1.3.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)
- 1.3.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.3.1 deur VYF OPEENVOLGENDE WOORDE uit paragraaf 2 aan te haal. (1)
- 1.4 Gee EEN rede wat amper verhinder het dat Makhaya aan die mini-krieketprogram deelgeneem het. (Paragraaf 3) (1)

- 1.5 Gee TWEE redes uit paragraaf 4 waarom Makhaya Ntini as 'n rolmodel beskryf kan word. (2)
- 1.6 Haal TWEE OPEENVOLGENDE WOORDE uit paragraaf 4 aan wat aandui dat Makhaya nie net 'n rolmodel vir een deel van Suid-Afrika se bevolking was nie. (1)
- 1.7 Watter woord in paragraaf 5 dui aan dat die krieketbase gedink het Makhaya was 'n goeie bouler? (1)
- 1.8 Kies 'n plek in KOLOM B om by 'n stelling in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.8.1–1.8.3) neer.

KOLOM A	KOLOM B
1.8.1 Makhaya boul amper die hele span uit.	A Moses Mabida-stadion in Durban
1.8.2 Makhaya neem afskeid van internasionale krieket.	B Mdantsane naby Oos-Londen
1.8.3 Makhaya gaan jong spelers afrig	C Perth in Nieu-Seeland
	D Mdingi naby King William's Town

(3 x 1) (3)

- 1.9 Volgens paragraaf 7 het Krieket Suid-Afrika vir Makhaya Ntini 'n spesiale medalje gegee.
Is dit 'n gepaste wyse om sportmanne wat uittree, te vereer? Motiveer jou opinie. (1)
- 1.10 Volgens paragraaf 8 het Makhaya die bynaam "*Mdingi Express*" gekry. Waarom het hy dié bynaam gekry? Skryf TWEE feite uit die teks neer. (2)
- 1.11 Op watter TWEE maniere gaan Makhaya nog steeds by krieket betrokke wees? (Paragraaf 8) (2)
- 1.12 Lees eers die onderstaande stelling. Kies dan die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.
"Hy hoop om met die bal en kolf in te spring om **die arm mense van die platteland 'n beter toekoms te gee.**" (Paragraaf 8)
Hierdie stelling beteken dat Makhaya (alle arm mense gaan leer om krieket te speel/krieket wil gebruik om die arm mense te help). (1)
- 1.13 Watter belangrike les kan 'n mens uit Makhaya se sukses leer? Verwys na paragraaf 9 in jou antwoord. (1)

- 1.14 Verskillende mense het bygedra tot Makhaya Ntini se krieketloopbaan.
- 1.14.1 Is hierdie stelling 'n MENING of 'n FEIT? (1)
- 1.14.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.14.1 deur EEN sin uit die laaste paragraaf aan te haal. (1)
- 1.15 Waarom is Makhaya Ntini reg as hy sê hy wil iets aan sy gemeenskap teruggee? (Paragraaf 9). Motiveer jou opinie. (1)
- [22]**

TEKS B: ADVERTENSIE

Lees die advertensie hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKEN VANDAG IN EN SPAAR
TOT R74 PER JAAR!**

cool!

'N PLEK WAAR CORBIN BLEU EN HANNAH MONTANA
SAAM VUURPYLE BOU EN TOFFIES KOU ...



**'n wêreld
VAN HUL EIE**

Hoezit! maak vir kinders 'n wêreld van hul eie oop. Hierdie boek bevat verskillende onderwerpe: skoolwerk, speletjies, snaakse diere en inligting oor bekendes. *Hoezit!* is 'n sukseskombinasie van leersame inhoud en die nutste, interessantste aktiwiteite. 'n Pretboek met breinkrag en 'n lekker houding daarby!

"die pretboek met BREINKRAG!"

ATKV

[Verwerk uit: *Taalgenoot*, Februarie 2010]

- 1.16 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

Die titel "*Hoezit!*" is gepas vir tieners, want dit (klink snaaks om uit te spreek/ sluit aan by die taalgebruik van die jongmense).

(1)

- 1.17 Wat impliseer die woord “cool!” (bokant die banier) in die advertensie? (1)
- 1.18 Waarom is ’n ander lettertipe vir die woord “wêreld” gebruik? (1)
- 1.19 Die tydskrif bevat verskillende onderwerpe wat *saam* die leerders se leerervarings sal verbeter.
- 1.19.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)
- 1.19.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.19.1 deur EEN woord uit die advertensie aan te haal. (1)
- 1.20 Kyk weer na die banier wat opwaarts deur die vliegtuigie getrek word. Wat suggereer die drie stippels na die woord “kou”? (1)
- 1.21 Die tydskrif se inhoud bestaan uit **speletjies** en **onderwerpe** vir die klaskamer. Haal TWEE APARTE woorde aan wat die skrywer gebruik om dit aan te dui. (2)

[8]**TOTAAL AFDELING A: 30**

AFDELING B: OPSOMMING**VRAAG 2: OUER, WEES BETROKKE BY JOU KIND SE SKOOLLEWE**

- Som die hoofgedagtes van hoe jy as ouer betrokke moet wees by jou kind se skoollewe, in sewe sinne op.
- Skryf elke hoofgedagte in 'n volsin neer.
- Skryf die sinne puntsgewys onder mekaar neer.
- Laat 'n reël tussen die sinne oop.
- Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
- Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

OUER, WEES BETROKKE BY JOU KIND SE SKOOLLEWE


- 1 Jy as ouer help om die skool goed te laat funksioneer wanneer jy deel van jou kind se skoollewe is. Só word jy deel van jou kind se leerervaring.
- 2 Jy as ouer moet sorg dat jou kind gereeld skool bywoon. As jou kind klasse misloop, gaan waardevolle tyd verlore wat hulle moeilik inhaal. As jou kind eers agter geraak het met skoolwerk, raak dit moeilik om by te hou met nuwe werk.
- 3 Party kinders gebruik taxi's of busse om by die skool te kom. Ander kinders word by die huis opgelei of die ouers neem hulle self skool toe. Jy as ouer moet belangstel in jou kind se skoollewe en seker maak dat jou kind altyd betyds by die skool is.
- 4 Dit is jou plig om toe te sien dat jou kind elke dag genoeg tyd het om tuiswerk te doen. 'n Kind moenie te veel huistakies as verskoning hê om nie by tuiswerk uit te kom nie.
- 5 Daar is baie verskillende boeke, koerante en tydskrifte in winkels en biblioteke waaruit kinders kan kies. Jy as ouer moet jou kind aanmoedig om gereeld te lees. Kinders wat baie lees, se woordeskat brei uit.
- 6 Kommunikasie tussen 'n ouer en 'n kind is baie belangrik. Gesels elke dag oor enige iets met jou kind. Net soos lees, help kommunikasie om kinders se taalvaardigheid te verbeter.
- 7 Jy as ouer kan wys dat jy in jou kind belangstel deur oueraande by te woon. Dis waar jy uitvind hoe jou kind vorder en hoe jy die skool kan ondersteun. Kinders wie se ouers só betrokke is by die skool, se kans op akademiese sukses is groot.

[Verwerk uit: *Kuier*, 3 Augustus 2011]

TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C: TAAL**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

Die taalvrae wat volg, is op die onderstaande advertensie gebaseer. In die teks is opsetlike taalfoute begaan.



Wat kook in
Joburg, Durbs
en Kaapstad?

3.3 (Inteken op ons gereelde nuusbrieff.) Daarin kry jy
interessante 3.4 (inlig) oor gebeure in dié stede. Hierdie
nuusbrieff is 3.5 gratis en is regtig 3.6 'n fees om te lees.

JOBURG CC.PA **CAPE.TOWN** CC.PA **DURBS** CC.PA
SLIM MENSE VERKIES DIE 3.7 (STAD + LEWE).

[Verwerk uit: *Vrouekeur*, 15 April 2011]

3.1 Hoe sal jy die onderstreepte NAAMWOORD in die onderstaande sin verander as jy dit in jou Afrikaanse opstel wil gebruik?

Wat kook in Joburg, Durbs en Kaapstad?

(1)

3.2 Wat kook in Joburg, Durbs en Kaapstad?

3.2.1 Kies die KORREKTE ANTWOORD. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

Die onderstreepte woord maak die sin 'n voorbeeld van (denotasie/konnotasie).

(1)

3.2.2 Gee 'n REDE vir jou antwoord op VRAAG 3.2.1.

(1)

- 3.3 Skryf die onderstaande sin oor en verbeter die TAALFOUT én die SPELFOUT.
Inteken op ons gereëde nuusbrief. (2)
- 3.4 Gee die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies.
In die nuusbrief kry jy interessante (inlig) oor gebeure in dié stede. (1)
- 3.5 Gee 'n SINONIEM vir die vetgedrukte woord.
Hierdie nuusbrief is **gratis**. (1)
- 3.6 Kies die KORREKTE ANTWOORD. Skryf net die vraagnommer en die antwoord (A–D) neer.
Die nuusbrief is regtig 'n fees om te lees, beteken die nuusbrief ...
A bevat inligting om te lees oor 'n fees.
B bevat baie interessante inligting om te lees.
C se inligting is vervelig om te lees.
D se inligting is net vir jongmense om te lees. (1)
- 3.7 Vorm 'n SAMESTELLING van die woorde tussen hakies.
Slim mense verkies die (stad + lewe). (1)
- 3.8 Lees die volgende sin: Slim mense verkies die lewe in 'n stad.
Voltooi nou die stelling: Hierdie sin is 'n voorbeeld van partydigheid, want ... (1)

[10]

VRAAG 4: STROKIESPRENT

Die taalvrae wat volg, is op die onderstaande strokiesprent gebaseer.



4.1 Skryf die sin oor in die VERLEDE TYD.

Wie is by die deur, Helga? (1)

4.2 Skryf die AFKORTING vir die vetgedrukte woord neer.

Dit is **dokter** Zook! (1)

4.3 Verander die uitroepsin na 'n VRAAGSIN sodat die vetgedrukte woord die antwoord is.

Dokter Zook wil met jou praat! (1)

4.4 Skryf die INTENSIEWE VORM van die vetgedrukte woord neer.

Dokter Zook hoop iemand in dié huis is **siek**. (1)

4.5 Skryf die sin in die ONTKENNENDE VORM neer.

Daar is iemand by die deur. (2)

4.6 Skryf die sin oor in die DIREKTE REDE.

Hy wil weet of iemand in dié huis siek is.
Begin só: Hy wil weet: "... (2)

4.7 Skryf die OORTREFFENDE TRAP van die woord tussen hakies neer.

Hägar is die (siek) van almal in die huis. (1)

4.8 Skryf die sin oor in die TOEKOMENDE TYD.

Dokter Zook besoek siek mense by die huis.

(1)
[10]

VRAAG 5

TEKS A: WENKE OM MISDAAD TE BEVEG

Die taalvrae wat volg, is op die onderstaande teks gebaseer. In die teks is opsetlike taalfoute begaan.

OM MI SDAAD TE BEVEG, BEGIN BY JOU!

1. Sorg dat jy die telefoonnommers van jou ouers en die polisie ken. Moenie kortpad deur 'n verlate plek loop nie. Moenie mense te maklik vertrou nie. Diewe maak asof hulle inspekteurs is, maar eintlik is hulle wolwe in skaapsklere.

2. Hou jou identiteitsdokument en bestuurderslisensie veilig. Die gebruik van 'n telefoon kan 'n mens se lewe red, maar moenie luister as iemand sê: "Jy kan miljoene rande oor die foon maak" nie.

3. Vermoed verlate OTM's, veral snags. Moet nooit jou kaart of persoonlike identifikasienommer aan enige iemand gee nie. Moet nooit (5.8) help van iemand by 'n OTM aanvaar nie. Moenie baie geld by 'n OTM onttrek nie. Hou jou selfoon waar niemand dit kan sien nie.

4. Moenie drankies en kos aanvaar van mense wat jy nie ken nie. 'n (5.11) mens moet nooit jou drankie neersit weglou en later terugkom om dit te drink nie.

5. Jy moet geweld of mishandeling teen vroue of jong meisies by *Mishandeling van Vroue* rapporteer. Binne een week ontvang dié organisasie tot 44 oproepe.

6. Moenie gesteelde goed koop nie. Ander mense betaal duur vir die gesteelde goed (5.13) (vir + wat) jy min betaal.

[Verwerk uit: *Kuier*, 22 Desember 2010]

- 5.1 In die verkorte woordeboekinskrywing hieronder is **polisie** in lettergrepe verdeel. Skryf die lettergreep wat die klem dra, neer.

po.li'.sie. 1. Afdeling van die staatsdiens belas met die sorg vir die openbare orde en veiligheid:
--

[Uit: HAT]

(1)

- 5.2 Gee die VERKLEINWOORD van die vetgedrukte woord.

Moenie kortpad deur 'n verlate **plek** loop nie.

(1)

- 5.3 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Die idioom, *hulle is wolwe in skaapsklere* (raam 1), beteken die mense is ...

A goed.

B skelm.

C suinig.

D trots.

(1)

- 5.4 Skryf die sin oor in die LYDENDE VORM.

Jy moet geweld of mishandeling rapporteer.

Begin só: Geweld of mishandeling ...

(1)

- 5.5 Gee die MEERVOUD van die vetgedrukte woord.

Die gebruik van **telefoon** kan lewens red.

(1)

- 5.6 Skryf die sin oor in die INDIREKTE REDE. (Raam 2)

Die man sê: "Ek kan miljoene rande oor die foon maak."

Begin só: Die man sê dat ...

(2)

- 5.7 Skryf die AKRONIEM vir die vetgedrukte woord. (Raam 3)

Moet nooit jou kaart of **persoonlike identifikasienommer** aan enige iemand gee nie.

(1)

- 5.8 Gee die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies. (Raam 3)

Moet nooit (help) van iemand by 'n OTM aanvaar nie.

(1)

- 5.9 Skryf die sin oor in die INFINITIEF.

Moenie baie geld by 'n OTM onttrek nie. (Raam 3)


Begin só: Jy behoort nie ...

(1)

- 5.10 Gee EEN WOORD vir die woorde tussen hakies.
Moenie drankies en kos aanvaar van (mense wat jy nie ken nie) nie. (1)
- 5.11 Skryf die sin oor en vul die korrekte HOOFLETTER en LEESTEKEN in.
'n mens moet nooit jou drankie neersit wegloop en later terugkom om dit te drink nie. (Raam 4) (2)
- 5.12 Skryf die vetgedrukte GETAL in die onderstaande sin in woorde. (Raam 5)
Binne een week ontvang dié organisasie tot **44** oproepe. (1)
- 5.13 Skryf die regte vorm van die betreklike VOORNAAMWOORD tussen hakies neer.
Ander mense het duur betaal vir die gesteelde goed (vir + wat) jy so min betaal. (1)
- [15]**

TEKS B: PRENT

Die taalvrae wat volg, is op die onderstaande prent gebaseer.



[Uit: Huisgenoot.com, 12 Maart 2009]

- 5.14 Verbind die sinne met die VOEGWOORD tussen hakies.
Jy kan aan sport deelneem. Jy is gestrem. (al)
Begin so: Jy kan ... (1)
- 5.15 Skryf die sin oor en rangskik die woorde tussen hakies in die KORREKTE VOLGORDE.
Die seuns oefen (by die huis/getrou/elke dag). (1)

- 5.16 Kies die KORREKTE WOORD tussen hakies.
Hierdie seuns het die (verbruik/gebruik) van hulle bene verloor. (1)
- 5.17 Kies die korrekte VOORSETSEL.
Die een seun gooi die bal (teen/aan/oor) die ander seun se kop. (1)
- 5.18 Gee die KORREKTE DEELWOORD vir die woorde tussen hakies.
Die (wat gestrem is) seuns neem aan baie wedstryde deel. (1)
[5]
- TOTAAL AFDELING C: 40**
GROOTTOTAAL: 80